## INDIËRS IN DIE SUID-AFRIKAANSE REPUBLIEK

Vir meer as 200 jaar was daar 'n noue verband tussen Suid-Afrika en Indië. Sedert die stigting van die Nederlands-Oos-Indiese Kompanjie se verversingspos in 1652 aan die Kaap die Goeie Hoop tot met die opening van die Suezkanaal in 1869, was Suid-Afrika strategies van belang as steunpunt, eers vir die Nederlande en daarna vir die Britte, weens hul Indiese ryk.[1] Dit was egter wat Asië kon aanbied — nie Afrika nie — wat ons voorsate na die kuste van Afrika gebring het.

Sedert die vroegste dae van die geskiedenis van Suid-Afrika het die blankes met 'n Asiatiese element in die samelewing kennis gemaak, want reeds gedurende die Kompanjiestyd is Asiate as slawe ingevoer, wat dan die voorsate van die huidige Maleierbevolking was. Dit was eintlik eers met die invoering van Indiërs as arbeiders dat die Asiatebevolking tot 'n probleem vir Suid-Afrika ontwikkel het. In Natal is Wet 14 van 1859 aangeneem waarvolgens daar voorsiening vir die invoer van „koelies"[2] gemaak is — 'n besluit wat verreikende gevolge vir die onmiddellike toekoms en vir baie dekades daarna in Suid-Afrika sou hê. Ongelukkig het dié plobleem nie tot Natal beperk gebly nie, maar het 'n wyer omvang aangeneem. Benewens Natal, het die grootste Asiateprobleem in die Suid-Afrikaanse Republiek ontstaan.

Ten aanvang kan daar uit die *Handbook on Race Relations in South Africa* aangehaal word om presies vas te stel watter tipe Indiër destyds na Suid-Afrika gekom het: „Most Indians in South Africa originate from low-caste Hindus who came to Natal as indentured labourers on the sugar plantations. Their numbers were soon augmented by a smaller, more cultured, and wealthier group of Indians who came to the country as traders. The traders and labouring groups are sharply differentiated by religion (en kastestelsel) except for the Gujerati section, the labourers are all Hindus and the traders Mohammedans."[3] Volgens Gandhi was die Indiër in Suid-Afrika „. . . Asiatic labourers from densely populated areas in India belonging to the lowest classes who had been living in a state of semi-starvation".[4]

Dit is interessant om voorgaande aanhaling in gedagte te hou in die lig van latere gebeure met betrekking tot die Indiërs en die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek. Die Indiërprobleem was en is nog steeds deel van die groot probleem van die behandeling van nie-blankes in Suid-Afrika deur 'n blanke bevolking wat hul identiteit wil bewaar.

Die Indiërkwessie in die Transvaal was van 'n meer resente aard as die in Natal, omdat dit feitlik uit dié van Natal ontstaan het. Nieteenstaande hiervan het die posisie van Asiate reeds in Transvaal ter sprake

1. *The Round Table*: Junie 1926, p. 634.
2. Van der Walt, Wiid en Geyer: *Geskiedenis van Suid-Afrika*, Deel II, p. 519.
3. T.a.p. p. 9.
4. *Meet the Indian in South Africa*: brosjure.

gekom nog voordat kontrak-arbeiders uit Indië na Natal ingevoer is. Volgens die Transvaalse grondwet en volgens 'n Volksraadsbesluit van 18 Junie 1855, is kleurlinge nie toegelaat om Transvaalse burgers te word en vaste eiendom in die Republiek te besit nie.[5]

Die Transvaalse owerheid het die houding van die Britse regering ten opsigte van die Indiërs teengestaan. Hierin is die Transvaalse owerheid deur verskeie seksies van die Transvaalse bevolking heelhartig ondersteun, o.a. ook deur die Engelssprekendes, juis omdat daar besef is dat die instromende Indiërs, as ongewenste en gevaarlike indringers beskou moes word. In alle Europese volksplantings in vreemde wêrelddele, waar die Indiërs van Asië nie inheems is nie, maar in groot getalle daarheen gestroom het, was en is die houding van die blanke bevolkings en regerings t.o.v. die Indiërs, altyd 'n vraagstuk van die grootste belang.[6]

In teenstelling met die Suid-Afrikaanse Republiek, het die Republiek van die Oranje-Vrystaat die Indiërprobleem vroegtydig bekamp. Heel dikwels word die owerhede van eersgenoemde verwyt dat hulle passief was in die aangesig van 'n steeds groter wordende probleem. Op konstitusionele gebied was die wesenlike verskil tussen die twee Republieke egter die feit dat die Oranje-Vrystaat na goeddunke kon optree en in staat was om wetgewing in die praktyk toe te pas, terwyl die Transvaal voortdurend met artikel XIV van die Londense Konvensie (1884) te doen gehad het. So erg was die toestand dat die staatsekretaris, dr. W. J. Leyds, kon meedeel: „Aangaande deze zaak (Asiate) zijn onze handen gebonden door Artiekel XIV van die nieuwe Conventie met Engeland."[7]

Soos reeds gemeld, was dit die Mohammedaanse Indiërs, m.a.w. die handelaars wat, as 'n hoër klas Indiër, die probleem in Transvaal opgelewer het.[8] In 'n referaat, gelewer voor die Sewende Jaarvergadering van SABRA, beweer dr. Geyer dat Indiërsakemanne hulle reeds in 1881 in Transvaal gevestig het.[9] In 1883 het die vraagstuk al sodanige afmetings aangeneem dat, ironies genoeg, dit veral die Engelse handelaars in Pretoria was wat die ernstige bedreiging van die Indiërs vir die blanke beskawing in Transvaal onder die aandag van die Republiek gebring het. Die eerste openbare vergadering oor die „koelie"-probleem is, na aanleiding van 'n omsendbrief, uitgestuur op versoek van vooraanstaande Engels- en Afrikaanssprekende inwoners van Pretoria, „. . . wien het niet was ontgaan, dat de koeliebevolking in de hoofstraat van de stad dagelijks toenam", op 24 April 1883 in Pretoria gehou. Sprekers het veral klem gelê op die indringing van die Koelies na die middelpunt van die verskillende dorpe; hulle meld ook dat siektes versprei kan word en dat die waarde van eiendomme alreeds verminder het. Reeds toe was daar al

5. Van der Walt, Wiid en Geyer: a.w., p. 547.
6. Botha, P. R.: *Die Staatkundige Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Republiek*, p. 273.
7. Fouché, J. H.: *Die Asiate-Vraagstuk in die dae van die S.A.R.*, p. 4.
8. Engelbrecht, J. A.: *Die Geskiedenis van die Indiërvraagstuk*, p. 180.
9. *Die Asiaat in Afrika*: p. 82.

'n voorstel dat daar voorsiening vir 'n aparte lokasie vir Indiërs in Pretoria en elders in Transvaal gemaak moes word.[10]

Ten tye van hierdie vergadering het die Suid-Afrikaanse Republiek nog, volgens die Pretoriase Konvensie van 1881, onder Britse susereiniteit gestaan. Op 28 Julie 1884 kon President Paul Kruger en die ander lede van die Deputasie rapporteer dat die Londense Konvensie „. . . maakt dan ook einde aan de Britsche Suzereiniteit en hergeeft, met de officieële erkenning van haren naam, ook haar volkomen zelfbestuur aan de Zuid-Afrikaansche Republiek, behoudens eene enkele beperking betreffende het sluiten van traktaten met vreemde mogendheden (Art. IV). Met de suzereiniteit zijn natuurlijk ook de verschillende bepalingen en beperkingen der Pretoria-Conventie, welke Harer Majesteits Regeering als suzereine zich had voorbehouden, vervallen."[11]

Ten opsigte van die posisie van die Indiër in die Suid-Afrikaanse Republiek, is dit nodig om eers vas te stel of die Republiek werklik na die Londense Konvensie 'n soewereine staat was, aldan nie, juis omdat hierdie aspek latere Britse inmenging regverdig, of nie. Op 6 Februarie 1908 berig *The Star* oor 'n toespraak van genl. Smuts i.s. die brandende vraagstuk van Asiate in die Transvaalse kolonie, soos volg: „The Transvaal did not receive complete independence under the London Convention of 1881 (sic), but remained under suzerainity of England, and the Indians who came here were very largely British subjects."[12] In hierdie aanhaling is die kern van die latere Britse argumente teen die wetgewing van die Republiek vervat. Hierteenoor egter, bestaan die mening van internasionale geleerdes, o.a. Franz von Liszt wat gesê het dat, aangesien die Transvaal kragtens Art. IV nie deur Engeland verteenwoordig moes word nie, maar in eie naam alle verdrae gesluit het, „. . . genügt diese Einschränkung (Art. IV) nicht, um die Republiek als halbsouverän erscheinen zu lassen."[13] Daar kan nie hier in besonderhede oor die aangeleentheid gegaan word nie, maar op grond van oorvloedige getuienis, word daar aangeneem dat die Republiek wel soewereiniteit verkry het deur die Londense Konvensie van 1884.

Voorweg moet gesê word dat Art. XIV van die Londense Konvensie die kiem van die onsekerheid en omstredenheid van alle wette en besluite van die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek veroorsaak het. Hierdie artikel lui soos volg:

„Allen personen, geene Inboorlingen zijnde, die zich schikken naar de wetten van de Zuid-Afrikaansche Republiek a) zullen volkomen vrijheid hebben met hunne huisgezinnen te komen, te reizen of te wonen in elk deel van de Zuid-Afrikaansche Republiek; b) zij zullen het recht hebben huizen, fabrieken, magazijnen, winkels en eigendommen te huren of te bezitten; c) zij mogen hunnen handel drijven in persoon of door zoodanige agenten

10. *Pretoriana*: Desember 1958, p. 30.
11. *Groenboek* Nr. 2, 1898: pp. 65-66.
12. T.a.p.
13. Hofmeyr, S.: *Die Boere-Republiek en die Volkereg*, p. 22.

als zij zullen goedvinden aan te stellen; d) zij zullen niet onderworpen zijn; wat hunne personen of eigendommen betreft, aan belastingen, hetzij algemeene of plaatselijke behalwe die, welke aan de burgers van genoemde Republiek opgelegd zijn of zullen worden."[14]

Eers na die herstel van die onafhanklikheid van die Republiek in 1884, het Indiërs in groot getalle die Transvaal ingestroom en wetgewing het dringend noodsaaklik geword. Wetgewing in dier voege kon aangeneem word in ooreenstemming met die gees en die letter van die Grondwet wat in Art. IX neerlê: „Het volk wil geene gelijkstelling van gekleurden met blanke ingezetenen toestaan." Wat egter wetgewing teen die Asiategevaar in die weg gestaan het, was die bewoording van die aangehaalde Art. XIV.[15] Die noodsaaklikheid van wetgewing is beklemtoon deur die voortdurende memories wat aan die Volksraad gestuur is en waarin teen die instroming en indringing van Asiate en ander kleurlinge beswaar gemaak is. In 1884 het 'n groep inwoners van Bloemhof gekla, terwyl 16 memories uit 16 distrikte wat veral Engelse verteenwoordig het, na die Volksraad gestuur was. Die memorialiste wys op die moeilikheid wat deur Art. XIV van die Konvensie geskep word en na die feit dat die Artikel in stryd is met die grondwet wat kleurlinge nie as burgers van die land erken nie en gevolglik kon Indiërs nie inbegrepe wees by die uitdrukken „Alle personen . . ." in Artikel XIV nie. Volgens Krygswet, so word verder in die petisies verklaar, is elke persoon 'n kleurling wie se vader of moeder tot en met die vierde geslag tot die inboorlingrasse van Afrika of Indië behoort het. Die Grondwet van die Republiek het slegs twee menserasse erken: blank en nie-blank. Hulle voeg by: „. . . de clousule in de grondwet die daarop betrekking heeft, is gedurende den tyd der Britsche Regeering onveranderd gebleven."[16] Dit kon dus nie die bedoeling in die Konvensie gewees het om die Asiaat in alle opsigte met die blanke gelyk te stel en bo die inboorling te bevoorreg nie.

Die Transvaalse Kamer van Koophandel skryf op 30 April 1885 soos volg aan die Staatsekretaris: „. . . I would more especially beg to draw your attention to the statement quoted therein from *The Times* of Natal newspaper of the 2nd April instant, wherein it is advised that Natal should afford facilities for getting rid of its undesirable population into other parts, namely the Free State and the Transvaal, instead of supporting any line of action for keeping them out of the Republics . . ."[17] Van sy buurkolonie, vanwaar die moeilikheid oorspronklik gekom het, het Transvaal dus ook geen samewerking verkry nie.

Die memorialiste se versoek om die nodige wetgewing, word gesteun deur daarop te wys dat lande soos Amerika en Australië streng wette gemaak het, waardeur die Asiaat nie in die land geduld word nie, aan-

14. Van der Walt, Wiid en Geyer: a.w., pp. 547-548.
    Leyds, W. J.: *De Eerste Annexatie van de Transvaal*, p. 422.
15. Botha, P. R.: a.w., p. 274.
16. *Groenboek* Nr. 1, 1894; p. 19.
17. Van der Walt, Wiid en Geyer: a.w., pp. 549-550.

gesien hulle die sedelike toestand van die blankes verlaag. In die besonder word verwys na Natal as 'n land wat nie meer witmansland genoem kan word nie, maar slegs 'n plek vir naturelle en Asiate is. Die rede? „Omdat de Aziaat inderdaad de plaats van den kleinen landbouwer heeft overweldigd, en zich indringt in al de werkzaamheden der arme-klas blanken, die met hem nie kunnen concurreeren omreden het onmogelijk is om diezelfde lage wijse te leven als de Aziaat."[18] Benewens genoemde oorwegings wys die mense ook nog op 'n ander aspek: „De Hindoes, Koelies, Arabieren en Aziaten zijn van ander begrippen, zij zijn belijders van Mahomet en Mohammedanisme is de hinderpaal tot zuiwere, ware verhevene civilisatie."[19] Een van die redes waarom aparte woongebiede vir die Indiërs aangevra word, is die uitermatige verwaarlosing van gesondheidsmaatreëls en deur hulle toe te laat om te midde van die blankes te woon, sou die ontwikkeling en verspreiding van siektes versnel word.[20]

Hierteenoor was die probleem vererger deur die petisies van 'n ander groep inwoners waarin vermeld word dat die Asiaat 'n bate vir die land is, nie 'n gevaar nie. Die Asiaat is die vriend van die armes deurdat:

(a) sy pryse baie laer is as dié van die blanke winkelier;

(b) dat hy die blanke winkels dwing om pryse binne bereik van die arm man te bring.

Hulle verwerp die agitasie teen die Indiër, ook die gesondheids-argument. Hulle meen dat die agitasie op handelsnaywer en nie op sanitêre gewoontes, berus nie.[21]

'n Aantal sg. Arabiese koopliede het ook 'n versoekskrif aan die Volksraad gerig en die aandag gevestig op die verskil tussen hulle en die koelies, Sjinese en ander Oosterlinge van die mindere stand. Die Volksraad word gevra om wat die petisionarisse betref, nie uitvoering aan die versoek-skrifte van die blankes te gee nie. Die vraagstuk het dus nou ontstaan of die Asiate die ruime regte van „Alle personen" deelagtig sou wees, en of hulle by die inboorlinge as „gekleurdes" kragtens Art. IX van die Grondwet ingesluit sou word en of hulle op enige ander wyse verskillend van die blanke behandel kan word en nie op die volledige gelykstelling kan aanspraak maak nie.

Na aanleiding van die inhoud van die blankes se versoekskrifte aan die owerhede m.b.t. die Indiërprobleem, is dit duidelik dat die agitasie enersyds uit handelsnaywer gebore was, en andersyds uit 'n gevoel teen gelykstelling. Die beginsel dat so 'n gelykheid nie veroorloof is nie, word herhaaldelik in die wetgewing van die Republiek aangetref.[22] Hierdie strewe na die segregasie van die Indiërs, is, wat prof. Bavinck

18. *Groenboek* Nr. 1, 1894; p. 9.
19. *Groenboek* Nr. 1, 1894; p. 20.
20. Botha, P. R.: a.w., p. 5.
21. Fouche, J. H.: a.w., p. 5.
22. Engelbrecht, J. A.: a.w., p. 182.
*Cambridge History of the British Empire*; deel VIII, p. 55.

noem „. . . een zeer bepaalde visie op het rassenprobleem, op de oplossing er van en op de consequenties die daaruit voortvloeien."[23] Die historiese agtergrond van die blanke bevolking van die toenmalige Republiek, het hierdie lewenshouding in die hand gewerk.

Natuurlik was die petisionarisse bevrees vir 'n deurmekaarwoon van blankes en Indiërs en sou dit bloedvermenging meebring, en verder die sedelike en kulturele peil van die blankes verlaag en godsdienstig 'n bedreiging veroorsaak. Hierdie sosiale oorwegings was egter ook sterk gesteun deur die materiële in dié sin dat eiendomme grensend aan dié van Indiërs, se waarde aansienlik verminder het. Dan was die groot klagte ook op ekonomiese gebied, die Indiërhandelaar se mededinging.

Destyds is al besef en wat later pertinent voor 'n konferensie tussen die regerings van Indië en die Unie van Suid-Afrika gestel sou word, dat: „One fact is uppermost, the Indian trade and commerce have grown, not side by side with the European commerce as a separate and independent foreign entity, as many suppose, but as part and parcel of the whole commerce of the Union."[24] Hierdie Indiese handelaars het in Natal en Transvaal 'n groot handelsmededinger van die blanke geword. Die besighede was nie alleen beperk tot vrugte- en groentehandel nie, maar van hulle het groot sake-ondernemings besit, waarvan sommige direkte invoerders was. Ook die blanke koper het die Indiër vir eie individuele gewin ondersteun. Hoe groter die probleem ekonomies geword het, hoe groter het dit op die sosiale en politieke terrein gegroei.[25] Die armer burger het van die Indiër gekoop omdat hy in hom 'n goedkoper en „more merciful purveyor of goods and credit" gevind het.[26] Die Indiër kon sy pryse verlaag as gevolg van sy laer lewensstandaard as dié van die blanke. Origens trek die Indiër 'n land binne nie met die doel om geld te belê nie. Hulle veroorsaak uitputting van die geldelike bronne van die staat.[27] L. E. Neame in *The Asiatic Danger in the Colonies* noem ook nog 'n ander wesenlike aspek van die omvangryke Indiër-immigrasie, nl. dat dit 'n hindernis plaas in die ontwikkeling van die Bantoe-bevolking.[28]

Op 3 Januarie 1885 skryf dr. W. J. Leyds, destyds Staatsprokureur, aan die Staatsekretaris dat 'n sterk beweging ontstaan het teen inboorlinge uit Noord-Afrika en Asië, wat hulle in die land vestig, en dat die Volksraad geheel of gedeeltelik geneig is om aan die versoeke van die blankes te voldoen, deur byvoorbeeld aparte lokasies of wyke vir die „vreemde Oosterlingen" beskikbaar te stel. Die Volksraad, gaan hy voort, moes eers met Lord Derby, die Britse Minister van Kolonies onderhandel oor die uitleg van Art. XIV van die Londense Konvensie.[29] Op 6 Januarie 1885 word in 'n brief aan die Britse Regering gevra of hulle meen dat dit vir

23. Bavinck, J. H.: *Het Rassenvraagstuk in Zuid-Afrika*, p. 8.
24. *The Indian Trader*: p. 9.
25. Simes, H. J. R.: *Die Taalgenoot*, Sept. 1946, p. 36.
26. *The Round Table*: p. 639.
27. Fouché, J. H.: a.w., p. 2.
28. T.a.p., p. 83.
29. Van der Walt, Wiid en Geyer: a.w., p. 548

die Transvaal onder die genoemde Konvensie vry staan om ten opsigte van bedoelde gekleurde persone sodanige reëlings te maak as wat die Republiek beskou as synde in belang van die blankes „. . . en zo neen, of Harer Majesteits Gouvernement door zijn toestemming deeze regeering machtigen wil om geheel of gedeeltelijk tegemoet te komen aan de wenschen der memorialisten van Europeesche afkomst."[30]

Toe die Britse Hoëkommissaris in Kaapstad, sir Hercules Robinson, hierdie brief en die gepaardgaande dokumente vir deursending na die Britse regering ontvang het, wys hy op die gelykluidendheid van Art. XIV van die Londense Konvensie met Art. XXVI van die Pretoria-Konvensie. Laasgenoemde artikel het aangevang met „De Onderdanen van Hare Majesteit . . .", maar Lord Kimberley het dit laat wysig tot „Alle personen . . ." Dan gaan hy voort deur te sê dat hy dit nie sien as 'n bedoeling van Lord Kimberley om die Transvaalse regering te verbied om, indien nodig, besondere wetgewing vir die reëling van Asiate landverhuisers in te dien nie; hy sou aanbeveel dat die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek meegedeel word dat Haar Majesteit se regering bereid sal wees om Art. XIV van die Verdrag te wysig deur invoeging van die woorde: „Afrikaanse inboorlinge of Indiërs of Sjinese Koelielandverhuisers . . .". As die artikel so gewysig word, meen die Hoëkommissaris, sou die Arabiese handelaars wat in Pretoria is, die reg behou op die vryhede vervat in die bestaande artikel. Hy sien ook geen gronde waarom die Arabiere van hul regte beroof moet word nie.[31]

Lord Derby antwoord op 19 Maart 1885 dat hy sy wenk met betrekking tot die wysiging van die verdrag sorgvuldig in oorweging geneem het en dat indien die Hoëkommissaris die mening toegedaan is dat dit verkieslik en meer bevredigend vir die regering van die Republiek sou wees om op te tree volgens sy voorstel, sal Haar Majesteit se regering gewillig wees om die verdrag te wysig, soos aan die hand gedoen. Lord Derby meld egter dat dit oorweging behoort te verdien of dit nie juister sou wees vir die Volksraad om in die voorgestelde sin wetgewing in te voer, na ontvangs van die versekering dat die Britse regering geen begeerte sal koester of sal aandring op enige sodanige uitleg van die bewoording van die Konvensie as dit in botsing sou kom met redelike wetgewing in die begeerde rigting nie. Hierdie mededeling van Derby saam met die brief van Robinson is aan die Republiek gestuur.[32] Hieruit blyk dit dat die Britse regering toegestem het dat Indiërs ook as kleurlinge volgens die Konvensie beskou kon word. Die Arabiere egter, het nog die beskerming van die Konvensie geniet. Derby verkies klaarblyklik dat die Volksraad dienooreenkomstige wetgewing aanneem, en nie dat die Konvensie gewysig word nie. Die Britse regering verwag egter redelike wetgewing — ongelukkig 'n vae term wat sigself leen tot willekeurige

30. *Groenboek* Nr. 1, 1894; p. 22.
31. *Ibid.*, p. 27.
32. *Groenboek* Nr. 1 van 1899: p. 34.

interpretasie of nog erger, om aangewend te word om 'n eie doel te dien. Hierdie brief van Lord Derby sou nog veel in die gedrang kom.

Dit is duidelik dat die blanke inwoners van Transvaal oor die algemeen ontevrede was met art. XIV en met die posisie van die Indiër. Die Volksraad het die erns van die toestand besef en op 1 Junie 1885 word Wet No. 3 van 1885 aangeneem. Artikel 1 van die wet het bepaal dat dit van toepassing sou wees op persone behorende tot een van die inboorlingrasse van Asië, waaronder inbegrepe is koelies, Arabiere, Maleiers, en Mohammedaanse onderdane van die Turkse ryk.

Artikel 2 bepaal dat genoemde persone aan die volgende onderhewig is:

(a) Hulle kan nie burgerreg in die Republiek verkry nie.
(b) Hulle kan geen vaste eiendom in die Republiek verkry nie — hierdie klousule was nie van terugwerkende aarde nie.
(c) Indien hulle wou handel dryf, moes dit in 'n register aangeteken word, gehou deur 'n landdros op 'n wyse voorgeskryf deur die regering.
(d) Die regering sal strate, wyke, en lokasies ter bewoning aanwys.[33] (Let hier op die terme „ter bewoning").

Dat hierdie wet aangeneem is, bewys eerstens dat die Indiër-immigrasie reeds 'n ernstige aangeleentheid geword het wat aandag verdien en tweedens toon dit, dat registrasie as 'n noodsaaklike instrument beskou word om effektiewe beheer oor Indiër-immigrasie te verkry.[34] Artikel 1 sluit dus ook Arabiere in, wat as direk in stryd met Lord Derby se brief van 19 Maart 1885 beskou kan word. Die Imperiale Sekretaris in Kaapstad het op 16 Oktober 1885 teen die insluiting van die Arabiere beswaar gemaak. Op 23 Desember 1885 antwoord die Staatsekretaris dat die Volksraad die wet aangeneem het nadat van Derby die versekering ontvang was „. . . that Her Majesty's Government will not desire to insist upon any such restrictions of the terms of the Convention as would interfere with reasonable legislation in the desired direction." Hy wys daarop dat die wet geen uitgebreider toepassing besit as wat hy in sy brief van 6 Januarie 1885 voorgestel het nie. Daarop antwoord die Imperiale Sekretaris op 15 Januarie 1886 dat die woorde „proposed sense" en „desired direction" in die brief van Derby alleen op die voorstel om die Londense Konvensie te wysig, betrekking het en nie op die versoek van die Republiek soos vervat in die brief van 6 Januarie 1885 nie. Volgens Robinson is Wet No. 3 van 1885 'n skending van Artikel XIV van die Konvensie en maak dit inbreuk op die verstandhouding dat die Britse regering nie sal aandring op 'n streng vertolking van Art. XIV nie. Verder word die vertroue uitgespreek dat die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek in staat sal wees om die versekering te gee dat Arabiese handelaars en koopliede en veral dié wat Britse onderdane was, dieselfde voorregte sou geniet soos vervat in Art. XIV.[35]

33. *Groenboek* Nr. 1 van 1899: p. 34.
34. Duncan, P.: *The Asiatic Question in the Transvaal*, p. 159.
35. *Groenboek* Nr. 1 van 1894; pp. 36-41.

Skaars was Wet No. 3 aangeneem of daar kom besware in: L. Michell, bestuurder van die Standard Bank, rig vertoë aan die Imperiale Sekretaris, Graham Bower, waarin hy wys op die onregmatigheid van Wet No. 3 in terme van die Konvensie. Hy was nie soseer begaan oor die Arabiese handelaars nie, maar omdat die wet in sy pad gestaan het om vaste eiendom van die bank aan Arabiese handelaars te verkoop. Hulle was waarskynlik die enigste potensiële kopers. Daar was ook nog ander fortuinsoekers wat teen die wet gekant was en deur hierdie tipe het die Britse regering hom laat beïnvloed. In teenstelling hiermee was daar ook versoeke van Engelse in Pretoria bv. Beckett, Bourke e.a. wat die wet verwelkom het. Hierdie mense daarenteen, was nie fortuinsoekers nie, maar het hulle in die Transvaal gevestig om hul tuiste daar te maak.[36]

Die standpunt en uitleg van die Republiek soos uiteengesit in die brief van die Staatsekretaris van 23 Desember 1885 kon egter nie deur die Sekretaris van Staat, Lord Granville, aanvaar word nie en hy verwag dat Wet No. 3 hersien word, aangesien dit direk in stryd met die standpunt van die Britse regering en 'n oortreding van die Londense Konvensie was.[37] Op 6 September 1886 antwoord die Republiek dat die misverstand na aanleiding van die interpretasie van Lord Derby se brief betreffende die besondere wetgewing op Asiate, betreur word. Die stappe was egter geneem vir algemene higiëniese redes met die oog op die ondervinding van ander lande sowel as in Transvaal opgedoen, dat dit noodsaaklik is om maatreëls ten opsigte van die Indiërs wat oral tussen die blankes woon, te tref. Dit was ook in ooreenstemming met die wense van die petisionarisse.[38] Die regering van die Republiek is bereid om toegewings te maak en stel die volgende amendement voor: By Art. 2b word gevoeg dat hulle geen vaste eiendom in die Republiek mag besit nie, behalwe in die wyke, strate en lokasies wat die regering aan hulle weens sanitêre oorwegings vir bewoning sal aanwys. Artikel 2d sal lui dat „die regering die reg sal hê om vir sanitêre doeleindes bepaalde wyke, strate en lokasies vir bewoning aan te wys". Die woorde „sanitêre doeleindes" is verander in gesondheidsdoeleindes.[39]

Hierop raai Sir Hercules Robinson die Britse regering aan om geen verdere beswaar teen die wet in te bring nie met die oog op die mening van die President dat dit nodig was vir die beveiliging van die openbare gesondheid.[40] Hieraan het die Britse Regering gehoor gegee en het sy besware teruggetrek. Op 26 Januarie 1887 is die wet, nadat dit deur die Volksraad met die nodige amendemente aangeneem is, in die Staatskoerant gepubliseer.[41] Op aandrang van die Britse regering, het die Republiek dus 'n presedent geskep en die beginsel aangeneem dat Indiërs vaste

36. Fouché, J. H.: a.w., pp. 15-17.
37. *Groenboek* Nr. 1, 1894: p. 43.
38. Ibid, p. 45.
39. Ibid, p. 45.
40. Ibid, p. 46.
41. *Groenboek* Nr. 1, 1899: p. 48-51.

eiendom in Transvaal mag besit. Interessant is 'n berig wat in die Johannesburg *Star* verskyn het en wat vir sigself spreek met betrekking tot die sanitêre redes vir wetgewing: hulle sê die Britse regering het dieselfde in Indië gedoen, daarom kan hulle nie beswaar maak nie „. . . It will, of course, be objected to these measures of cummunal self-defence, that the coolie is a British subject and must not be subjected to exceptional treatment. To this we reply that principles of equal treatment do not apply to the administration of sanitary precautions. The coolie is at least as much entitled to consideration as a "British Subject" in India as in the Transvaal. Yet the British Government in India has not hesitated to apply plague regulations which have almost stirred the native population to another muntiny".[42]

Die Republiek het gemeen dat die saak nou afgehandel was, maar as gevolg van die toepassing van die wet, het nuwe moelikhede ontstaan. Die Indiërs was nie tevrede met die wet nie. Hulle beweer dat die wet slegs wonings tot sekere wyke, strate en lokasies beperk en nie besighede nie. In Potchefstroom kla die Indiërs by die Hoëkommissaris dat die munisipaliteit hulle versoek het om hul wonings en besighede na 'n ander straat te verskuif, terwyl die reg om woonplekke vas te stel by die regering en nie by die munisipaliteit berus nie. Hulle eis volgens Art. XIV om op enige plek te woon en handel te dryf. Ook Indiërs van ander plekke meen dat gevestigde regte in aanmerking geneem moet word en dat die wet nie van toepassing moet wees op persone wat regte verkry het voordat die wet in werking getree het nie. Telkens as 'n lisensie geweier word, kla die Indiërs by die Hoëkommissaris.[43]

As gevolg van die ontevredenheid van die blankes en die immigrasie van Indiërs, besluit die Volksraad op 17 Junie 1887 dat „het instroomen van Koelies, Chinese en andere Aziaten binnen dese Republiek nadeelig werkt op de belangen van desen staat, (daarom) draagt de Raad de Regeering op zich wederom in correspondentie te stellen met Harer Majesteits Regeering ten einde een zoodanige wysiging in de bepalingen der Conventie te bekommen als waardoor het de Regeering deses lands zal vrij staan de instrooming der bedoelde volken te beletten of op voldoende wijze te regelen".[44]

Hierdie versoek was nodig aangesien die Regering van die Republiek Wet No. 3 van 1885 nie streng toegepas het nie; nie alleen is Asiate toegelaat om buite die lokasies te woon nie, maar hulle het ook grond buite die lokasies gekoop. Die grond is gewoonlik op die naam van 'n blanke gekoop wat as trustee opgetree het. Dit was 'n bloot formele transaksie en die grond het Indiër-besit gebly. Hierdie praktyk duur ongelukkig vandag nog voort.

42. *The Star*: Maart 1899.

43. *Van der Walt, Wiid en Geyer*: a.w., p. 552.

44. BB 2/1889. Eybers, G. W.: *Select Constitutional Documents*, p. 484. R.4109/88.

Die antwoord van die Britse regering op die versoek om die Konvensie te wysig het gelui: „In view . . . of the wide interest concerned I would still request His Honour the State President to postpone putting the law into effect until sufficient time has elapsed for a reconsideration of the question by the Raad". Dr. Leyds wat toe Staatsekretaris was, raai die Volksraad aan om nie verder met die Britse regering oor die wysiging van die Konvensie briewe te wissel nie, in die lig van die houding deur Brittanje ingeneem en aangesien maatreëls nog getref moet word om die Wet van 1885 uit te voer.[45]

Die inwoners van Middelburg het in 1888 gekla dat, as 'n handelslisensie aan 'n Indiër geweier word, hy dit dan verkry op die naam van 'n blanke wat die Indiër dan oënskynlik as sy klerk aanhou. Die Volksraad erken dat die Indiërs nie in lokasies woon soos deur die wet bepaal nie en besluit op 5 Julie 1888 om aan die regering opdrag te gee om die klagte te ondersoek en as dit wenslik is, om 'n woning in besigheidsplekke te verbied. As die regering vind dat die optrede en leefwyse van die Asiate die belange van die blankes, veral die gesondheidstoestand bedreig, dan moet stappe gedoen word om die Wet in die vereiste opsig te wysig. Voordat die regering egter kon optree het Robinson hulle versoek om nie stappe te neem teen die Asiatiese handelaars voordat die Volksraad nie gesit het nie en dat lisensies van voor 1885 hernieu moes word. Die Suid-Afrikaanse Republiek was verbaas oor hierdie ongevraagde inmenging in 'n binnelandse aangeleentheid. Die Staatsekretaris skryf aan die Britse agent dat hy nie die redes vir die Hoëkommissaris se optrede kan verstaan nie. Hy wys ook daarop dat Wet No. 3 met die toestemming van die Britse regering tot stand gekom het en nou word die regering voortdurend verhinder om dit uit te voer.[46]

Die Transvaalse regering wou aan die versoek van die blanke petisionarisse voldoen deur die Asiate in aparte woonbuurtes te laat woon. Op 15 Januarie 1889 gee die regering kennis dat daardie Indiërs wat nie binne die afgebakende gebiede woon nie en wat deur hul huurkontrakte buite die lokasies woon, dit slegs kan doen totdat die kontrakte verstryk het. Daarna kon hulle alleen lisensies binne die bepaalde lokasies verkry.

Die Hoëkommissaris het weer eens beswaar gemaak teen die optrede van die Potchefstroomse munisipaliteit wat reeds die regeringskennisgewing in werking gestel het.[47] Hierop volg 'n uitgebreide korrespondensie wat dikwels aan haarklowery grens. Op 8 Augustus 1889 skryf Robinson dat hy ten volle bewus is van die moeilikheid van die Transvaalse regering, hy vertrou egter dat die Indiese handelaars tegemoet gekom sal word aangesien hulle redelikerwys aanspraak kan maak dat die wet gevestigde belange sal eerbiedig en nie van toepassing sal wees op persone wat voor die wetweging regte verkry het nie. Op 1 April 1889 skryf Lord Knutsford

45. Van der Walt, Wiid en Geyer: a.w., pp. 551-552.
46. *Groenboek* Nr. 2, 1894: p. 89.
47. *Groenboek* Nr. 2: p. 89.

dat Haar Mejesteit se regering die moeilikheid van die President insake bemoeiing met die uitvoering van die wet verstaan, maar vertrou dat dit tog moontlik sal wees om op een of ander wyse en tot 'n groter mate as tans, toe te gee aan die wense van die Indiese handelaars en nie te bly by die toepassing van die Wet teen redelike besware wat geopper mag word nie.[48] Hieruit blyk dit dat die Britse regering die geldigheid van die wet erken en slegs versoek het dat optrede daarvolgens opgeskort sou word tot die sitting van die Volksraad. Volgens hierdie erkenning het die Volksraad en regering hulle geregtig geag om handelend op te tree.[49]

In Februarie 1890 kom van Engelse kant weer klagtes en word gesê dat die reg van woning, handeldrywe, ens. kragtens die Londense Konvensie beperk blyk te wees wat Asiate betref deur die Wet van 1885, soos gewysig, deurdat woning vereis is in bepaalde wyke om gesondheidsredes gekies en deur inskrywing. Bowendien skryf die wet slegs lokasies voor vir bewoning en daar skyn hoegenaamd geen verbod te wees wat handeldryf in ander plekke as lokasies betref nie.[50] Hierop antwoord die Transvaalse regering deur te verwys na die hofuitspraak in die Suleimansaak waar die hof geen onderskeid tussen bewoning van en handeldrywe in bepaalde wyke gemaak het nie, aangesien die Indiërs gewoonlik op hul handelspersele gewoon het.[51] Die Britse regering meen egter dat die uitspraak van die Hooggeregshof geen betrekking het op die feit dat 'n Indiese handelaar in 'n lokasie mag woon en tog wettiglik aanspraak kan maak op die reg om in die dorp handel te drywe, maar wat ook al die juiste uitleg van die uitspraak van die Hooggeregshof mag wees en Haar Majesteit se regering sou hierin soos in alle sake wens om waarde te heg aan die menings van die Republiek se Hooggeregshof, moet in gedagte gehou word dat Haar Majesteit se regering geregtig daarop is om die uitleg van die wet aan te gee van wat bedoel en beoog is toe hulle toegestem het in die afwykings van die bepalings van die Konvensie.[52]

Die regering van die Republiek het sy dankbaarheid te kenne gegee vir die verklaring dat die Britse regering begerig was om waarde te heg aan die mening van die Hooggeregshof en „het staat den Indisschen handelaars natuurlijk even als eenig ander vrij zich tot dat Hof te wenden, indien zij meenen verongelijk te zijn en het sou ongetwijfeld een einde maken aan het bestaan van tweërlei opvattingen omtrent de gevallen uitspraak, indien de partijen zich in dergelijken gevallen andermaal tot het Hooggerechtshof wendden". Die Staatsekretaris wys in verband met die opmerking oor die reg van die Britse regering om 'n uitleg te gee van wat in die wet bedoel word, toe die Engelse toestemming gegee het tot 'n afwyking van die bepalings van die Konvensie. Hy wys op die beginsel

48. Ibid, pp. 13-14.
49. Botha, P. R.: a.w., p. 283.
50. *Groenboek* Nr. 2, 1894: p. 22.
51. Ibid, p. 30.
52. *Groenboek* Nr. 2, 1894: p. 33.

dat die wetgewer by die ontstaan van enige twyfel omtrent die uitleg van bestaande wette, die aangewese instansie is om uitleg te gee.[53]

Aangesien die probleem ontstaan het wie eintlik „Britse onderdane" was, het dr. Leyds op 25 Augustus 1891 'n brief aan die Britse Agent geskryf: „. . . aan de outoriteiten niet bekend is welke Arabieren of ook wel andere Kleurlingen onderdanen zijn van het Britsche of eenig ander ryk."[54] Die Britse regering het blykbaar elke Asiaat wat gekla het, as 'n Britse onderdaan beskou.

Met verloop van tyd het die Republiek ook begin leer om versigtig te wees in die bewoording van amptelike dokumente. Art. 76 van Wet 10 van 1891 bepaal dat geen kleurling as 'n lisensiehouer of op enige ander wyse verbonde kan wees aan 'n delwery nie, behalwe as werkvolk in diens van blankes. Dan word gespesifiseer dat die woord kleurling sal beteken „iederen Afrikaansch-Aziatischen naturel of gekleurde persoon, Koelie of Chinees".[55]

As gevolg van verdere memories in 1892 het die Volksraad op 15 Augustus 1892 die regering opdrag gegee om toe te sien dat geen Asiaat binne dorpe handel dryf nie en dié wat na 1889 winkels geopen het, moes weg. Dié wat lisensies voor 1889 verkry het, moes met die vervaldatum ook uit die dorpe wees.[56] Hierop antwoord Sir Jacobus de Wet, die Britse Agent, dat die Hoëkommissaris die reg het om skadevergoeding te eis indien die wet 'n Britse persoon of sy besittings raak.[57]

Op 8 September 1893 besluit die Eerste Volksraad dat Wet No. 3, soos gewysig, streng toegepas moes word in die sin dat alle Asiate en ander persone wat daaronder resorteer, hulself moes beperk, wat handel en bewoning betref, tot die aangewese lokasies, met die uitsondering van diegene wie se huurkontrakte, aangegaan voor die aanwysing van die lokasies, nog nie verstryk het nie. Verder sou elke Sjinees jaarliks 'n besondere pas moes kry teen £25 (R50). Aan die betrokke amptenare is kennis gegee dat na 29 Januarie 1894 geen Asiate en ander persone wat onder die wet val, geoorloof sal wees om te woon, of te handel buite die lokasies vir daardie doel aangewys nie.[58] Hierop antwoord Sir Henry Loch, Britse Hoëkommissaris, dat sommige Sjinese in Hong-Kong gebore is en dus Britse onderdane is. Die vraag is dus weer te berde hoe kon die regering kontroleer welke mense werklik Britse onderdane is.[59]

Toe die Volksraad 'n besluit geneem het om wetgewing in te dien ten einde toekomstige ontduiking van die wet te voorkom, het Sir Henry Loch, die Transvaalse regering daarop gewys dat hoewel die Britse

53. Ibid, p. 42.
54. BB 2663/91.
55. *Groenboek* Nr. 2, 1894: p. 64.
56. R 9041/92.
57. R 5631/93.
58. *Groenboek* Nr. 2, 1894: p. 79.
59. Ibid, p. 81.

regering toegestem het tot 'n wet, oor die uitleg waarvan daar groot verskil bestaan, het die Suid-Afrikaanse Republiek onder sy traktaatverpligtinge nie 'n nuwe wet kon maak wat Brits-Asiatiese onderdane kon benadeel nie, sonder goedkeuring van die Britse regering nie.[60] Maar *de facto* was dit tog nie 'n nuwe wet nie; dit was slegs regulasies om die bestaande wet doeltreffend toe te pas.

Montagu White, die Transvaalse Konsul-Generaal in Londen, skryf en sê dat die inwoners van Transvaal moet verstaan dat die Britse regering in so 'n posisie was dat hy ook aan die Indiese leiers van Brits-Indië gehoor moes gee. Laasgenoemde eis dat hul landgenote dieselfde voorregte moet geniet soos ander Britse onderdane. Die probleemoplossing se onmoontlikheid word toegeskryf aan Lord Ripon, onderkoning van Brits-Indië, wat alle voorregte destyds aan hulle toegeken het.[61] Om Lord Ripon tevrede te stel, moes die Asiate in die Republiek voorregte geniet bo die inboorlinge en moes die Transvaalse regering verregaande inmenging in huishoudelike aangeleenthede duld. 'n Kortsigtige beleid wat lank nog 'n naklank sou hê.

Dit is dus 'n voor die hand liggende feit dat ten gevolge van die voortdurende en stremmende inmenging van die Britse regering die Transvaal verhoed was om Wet 3 van 1885 streng en konsekwent toe te pas. Dr. Botha meen dat die Republiek 'n fout begaan het met die maak van Wet 3 wat die oorsaak was van al die moeilikhede. Die Republiek moes die wet nie gemaak het nie, maar destyds die geleentheid aangegryp het om wysigings aan te bring in die Londense Konvensie. Die regering het egter gemeen om die Britse regering tegemoet te kom en het geen moeilikheid voorsien nie.[62] In die lig van vorige gebeure sou 'n mens verwag het dat die Transvaalse Republiek nie maar so *bona fide* sou wees in hul onderhandelinge met Brittanje nie.

In 1894 het die onderskeie regerings van Transvaal en Brittanje ooreengestem om die geskil oor die Indiërs aan die arbitrasie van Regter Melius de Villiers van die Vrystaat te onderwerp. Engeland het die volgende eise gestel: (1) Dat Indiese en ander Asiatiese handelaars wat Britse onderdane is, veroorloof word om in die stede en dorpe van die Suid-Afrikaanse Republiek te woon in sodanige gedeeltes (wyke of strate) as wat om gesondheidsredes vir hulle aangewys is. (2) Dat hulle toegelaat word om handel te dryf of sake te doen in winkels of pakhuise in enige deel van die stad.

Die eise van die Republiek was: (1) Dat die Suid-Afrikaanse Republiek die volle vryheid het om oor Koelies, Arabiere, Maleiers en Mohammedaanse onderdane van die Turkse Ryk, reëlings na goeddunke te tref. (2) Dat die Britse regering nie met reg beswaar kan maak indien die regering van Transvaal genoemde persone verbied om handel te dryf in dorpe of stede

60. Fouché, J. H. a.w., p. 29.
61. R 6538/94.
62. Botha, P. R.; a.w., p. 286.

op ander as deur die regering aangewese plekke nie.[63] Op 2 April 1895 het die arbiter sy beslissing bekend gemaak. Hier word slegs enkele punte uit sy uiteensetting aangehaal. Deur die Republiek is aangevoer dat aangesien sy grondwet bepaal dat geen gelykstelling van blanke en gekleurde inwoners toegestaan sou word nie, daar nie aangeneem kan word dat daar enige veronderstelling van die kant van die Republiek se afgevaardigdes by die Londense Konvensie was om toe te stem of van die kant van die Britse regering om aan te dring op sodanige skending van die Grondwet nie, wat as gevolg sou gehad het die plasing van vreemde gekleurde rasse op gelyke basis met die blankes. Ewemin kon dit die bedoeling gewees het om Christelik beskaafde en opgevoede naturelle van die land in 'n mindere rang te plaas as vreemde heidense gekleurde rasse. Dit sou die gevolg gewees het van die letterlike uitleg van Art. XIV as onder „Alle personen geen inboorlingen zijnde", Koelies, Arabiere, Maleiers en Mohammedaanse onderdane van die Turkse Ryk ingesluit was. Elke blanke nasie het die reg om vreemde elemente uit te sluit wat hy as gevaarlik vir sy bestaan en ontwikkeling beskou en meer besonder, om Asiatiese elemente te belet om hulself op sy grondgebied te vestig. In 'n land waar 'n skerp skeidslyn tussen blank en gekleurd getrek was, was dit vanselfsprekend dat die verteenwoordigers nie vrywillig en sonder verset sou toestem tot die prysgee daarvan ten gunste van ander gekleurde rasse nie; dit is tog die kosbaarste besitting van 'n jong gemeenskap om self te beslis uit welke elemente die toekomstige nasie opgebou moes word.[64]

Die arbiter bevind dat die Republiek gebonde is deur die Wet van 1885 soos gewysig en geregtig is om dit uit te voer en indien 'n persoon daarteen beswaar maak, moet hy sy saak aan die howe van die land onderwerp. Die arbiter beklemtoon dat die Britse regering sy toestemming tot die wysigings van die wet gegee het en geen beswaar gemaak het toe die veranderinge aangebring was nie.

Inteendeel, die Britse regering het die wet, soos gewysig, aanvaar en kon dus nie daarna, by die toepassing daarvan, beswaar maak nie. Die toestemming, vervolg hy, is gegee sonder voorbehoud, voorwaarde of kwalifikasie en as afgewyk is van die bepalings van Art. XIV dan het dit geskied met toestemming van die Britse regering. Indien 'n geskil oor die uitleg van die wet ontstaan, kan alleen die howe van die land daaroor uitspraak doen; die hof alleen is bekwaam om in die lig van omstandighede te bepaal of dit redelik is en nie die Britse regering nie. As vreemdelinge in 'n land woon, dan is hulle onderworpe aan die landswette en solank as wat hulle toegang tot die howe van die land het en die regering nie in stryd met die beslissing van die howe handel nie, mag hulle nie hul toevlug tot die regering van 'n ander land neem nie.[65]

Die arbiter gaan ook in op die redelikheid van die verbod in Wet No. 3 nl. dat Indiërs nie handel mag drywe in sekere strate nie. Hy wys

63. Ibid, p. 286.
64. Botha, P. R.: a.w., pp. 287-288.
65. Van der Walt, Wiid en Geyer: a.w., p. 553.

daarop dat die handelsmededinging van Arabiere en Indiërs die lewenspeil van die blanke verlaag omdat bg. nie op dieselfde grondslag kan meeding nie. Regverdigheid teenoor die blanke eis uitsluiting van die Indiër.[66]

Wet No. 3 was 'n wet van die Suid-Afrikaanse Republiek en niks wat tussen die regerings van daardie staat en Engeland voorgeval het, kon sy aard as suiwer plaaslike wet aantas nie. Dit moet ook beskou word dat die Britse regering hom neergelê het, nadat hy toestemming tot wetgewing gegee het, by die onbetwisbare beginsel dat die wetgewende maatreëls van 'n land onderhewig is aan die uitleg uitsluitend van die howe van daardie land. Daar kan geen mededingende regspraak by enige uitheemse liggaam in die uitleg van die wet berus nie en geen beroep op 'n vreemde moondheid of liggaam teen die uitspraak is moontlik nie.[67] Die Britse regering kan nie met redelikheid op groter regte en voorregte ten behoewe van Britse onderdane aandring as waarop hulle geregtig is nie. Die Republiek het dus gelyk gekry in sy houding ten opsigte van Asiatiese landverhuisers, met die een uitsondering, nl. dat die Britse regering die reg het om beswaar te maak teen Volksraadsbesluit van 8 September 1893 en die sirkulêre van Desember 1893 waarin die Volksraad as wetgewende liggaam, in sy opdragte aan amptenare, 'n vertolking van die wet gegee het.[68] Die Volksraad besluit dus om uitvoering van sy besluit ter bekragtiging van die vertolking in die Suleiman-saak te suspendeer.[69]

Die Republiek het die bogenoemde besluit en kennisgewing herroep en die Britse regering het ook die uitspraak van die arbiter aanvaar.[70] Die Republiek word egter versoek om nog geen stappe teen die Indiërs te neem nie sodat 'n toetssaak oor Wet 3 eers ingestel kan word. Op 4 September 1895 skryf die Britse minister van Kolonies (Joseph Chamberlain) aan die Hoëkommissaris dat die saak nou afgehandel is en dat die Britse Indiërs nou onderhewig is aan Wet 3 van 1885, soos gewysig, die wet is nou „. . . part and parcel of the law of the South Africa Republic . . . binding on the British Indians who live there . . . In fact, by an interchange of dispatches an arrangement was made, which is as much binding on me as if it had been embodied in the Convention."[71]

Hierdie gunstige afloop van die arbitrasie is daaraan toe te skryf dat Chamberlain nog nie die teuels in die hande gehad het nie. Net na die arbitrasie het in Engeland die Konserwatiewes en die liberale Unioniste deur 'n koalisie aan die bewind gekom en daarmee Chamberlain as Minister van Kolonies en sy onversoenbare beleid teenoor die Republiek. Sy voorgangers, die Markies van Ripon en die heer Stanhope het beide die Republiek se volkeregtelike status erken.

66. Van der Walt, Wiid en Geyer: a.w., p. 554.
    Botha, P. R.: a.w., p. 292.
67. Ibid, pp. 293-294.
68. Ibid, p. 295.
69. *Die Asiaat in Afrika*, p. 83.
70. Botha, P. R.: a.w., p. 296.
71. Van der Walt, Wiid en Geyer; a.w., p. 554.

Chamberlain kon egter nie sy spyt oor die ooreenkoms waartoe geraak was, verberg nie. Hy het ook laat blyk dat hy later die Republiek sou nader oor meer regverdige behandeling en toegewings aan die Indiërs. Wat hy egter onder vriendskaplike voorstelle verstaan het, was niks minder nie as inmenging in die binnelandse aangeleenthede van Transvaal. Hierdie arbitrasie wat eintlik teen Engeland uitgewys was, het verhoed dat Chamberlain enkele jare later gewillig sou wees om 'n geskil aan arbitrasie te onderwerp.[72]

Die toestroming van Indiërs het egter voortgeduur en het gelei tot die benoeming van 'n kommissie wat as volg aanbeveel het:—

(1) Strenge uitvoering moet aan Wet 3 van 1885 gegee word;

(2) Asiate wat voor 1889 huurkontrakte verkry het, moet toegelaat word totdat dit verval het;

(3) hule wys op die tekortkoming van Wet 13 van 1887 wat voorskryf dat handel alleen onder lisensie gedryf kan word — daar is egter geen strafbepaling by die artikel nie, en die kommissie beveel 'n boete van £200 (R400) of gevangenisstraf van hoogstens 6 maande aan;

(4) indien 'n lisensie deur middel van 'n ander persoon verkry word, sal sodanige persoon met hoogstens ses maande gestraf word. Op 3 November 1896 het die Volksraad die aanbevelings aangeneem en bekragtig.[73]

Die toestroming van Asiate het nieteenstaande voortgeduur en dit het o.a. gelei tot Wet 30 van 1896, die sg. Vreemdelingewet wat op 1 Januarie 1897 in werking getree het. Vreemdelinge moes 'n paspoort besit, verskaf deur die owerheid van die land van herkoms, met die stempel van die Konsul of konsulêre verteenwoordiger van die Suid-Afrikaanse Republiek; vreemdelinge moes bewys toon van behoorlike bestaansmiddele of geskiktheid om dit te bekom. Die paspoort was egter nie nodig as vreemdelinge by hul aankoms kon bewys wie hulle was en indien hulle kon bewys dat hulle in staat is om in eie onderhoud te voorsien.

Reis- en verblyfpasse sou vir 6 maande uitgereik word; diegene wat in die Republiek wou woon, moes hul passe eenmaal per jaar hernieu, mits hulle onder eed verklaar dat hulle die wette van die land sal gehoorsaam[74]

Dr. Hofmeyr in *Die Boere-Republieke en die Volkereg* haal verskeie gesaghebbendes aan wat 'n beskouing gegee het oor die Vreemdelingewet, bv. Clunet, Westlake en Asser; hulle oordeel is eenstemmig dat Art. XIV (a) nie geag kan word om maatreëls van selfbeskerming uit te sluit nie. Die motivering by aldrie was hoofsaaklik dieselfde, nl. dat dit nie aangeneem kan word dat 'n staat deur so 'n artikel alle soewereiniteit op dié punt prysgee nie.[75]

72. Botha, P. R.: a.w., pp. 296-297.
73. R 15494/96.
74. Fouché, J. H.: a.w., p. 94.
75. T.a.p., p. 84.

Die Portugese regering het op 16 November 1896 beswaar aangeteken teen Wet 3 van 1885 wat van toepassing was op die Indiërs wat Portugese onderdane was. Dit was in stryd met die Verdrag van 1875 waardeur burgers en onderdane van die twee kontrakterende state d.w.s. Portugal en die Republiek, vryelik toegang en besitsreg kon hê, nywerheid beoefen en onderworpe wees aan die wet van die ander staat as hulle daarheen gaan. Die Portugese Asiate was gewoond aan al die voorregte wat hulle geniet het en wou dit ook in die Transvaal deelagtig wees. Die Republikeinse regering antwoord die regering in Mosambiek dat die Wet soos gewysig nie in stryd met die verdrag is nie. Die wet is ook toegepas op Asiatiese onderdane van ander state en is deur higiëniese vereistes genoodsaak. Ook Asiate wat onderdane van die Republiek is, is daarom onderhewig aan die wet. Hierdie verduideliking is deur die Portugese regering aanvaar.[76] Hierdie beswaar van die Portugese regering wat eers so lank na die inwerkingtreding van die wet ingedien is, kom verdag voor so asof dit deur die Britse verteenwoordiger in Mosambiek of enige ander belanghebbende instigeer kon gewees het.

In 'n skrywe van die Transvaalse regering het Chamberlain aangedring op die onmiddellike herroeping of opskorting van die Vreemdelingewet, totdat 'n oplossing bereik is. Die Republiek het geweier en wou ook nie, soos voorgestel, samesprekings oor die aangeleentheid met die Britse Agent voer nie; dit sou in beginsel die reg tot inmenging in die interne aangeleenthede van die Republiek impliseer. Tog het die Republiek besef dat die wet onnodig was en die buurstate en kolonies se mense verontrief. Op 6 Mei 1897 is die Vreemdelingewet herroep.

Op 7 Mei 1897 nooi die Republiek die Britse regering uit tot 'n arbitrasie van die Vreemdelingewet en ander sake; die arbiter sou deur die president van die Switserse Republiek benoem moet word. Hierop volg Chamberlain met sy gewraakte argument dat dit nie gedoen kan word nie, omdat die Londense Konvensie nie 'n verdrag tussen state van gelyke status was nie. Die rede vir die Republiek se beroeping op die algemene beginsels van die Volkereg is slegs van toepassing op onafhanklike moondhede — wat hier nie die geval is nie. Hy meen die Suid-Afrikaanse Republiek was nog steeds onderhewig aan Britse susereiniteit.[77] Volgens Chamberlain het die Londense Konvensie geen verpligting vir Engeland meegebring nie, maar slegs die reg verskaf om te sê wat in Transvaal reg en toelaatbaar sou wees, en wat nie. Die Republiek het met ander woorde byna nie eers die reg van 'n Kroonkolonie gehad nie.[78] Engeland, volgens Chamberlain, het dus vrye hand om in te meng en voor te skryf in die Republiek, in 'n staat wat volkeregtelik soewerein was.

Chamberlain het egter die brief van die Britse agent, in opdrag van die Hoëkommissaris aan die Sekretaris van die Republiek op 19

76. Fouché, J. H.: a.w., p. 68.
77. Fouché, J. H.: a.w., p. 97.
78. Botha, P. R.: a.w., p. 545.

Februarie 1894, uit die oog verloor, waarin gesê was dat die regte van die Brits-Indiese onderdane op die Londense Konvensie berus het en dat elke speling waartoe die Britse regering toegestem het, en waarin daar afwykings voorkom 'n verbreking van die Konvensie was. Hulle regte berus dus wel op die Londense Konvensie.[79]

Daar is ook 'n inkonsekwentheid te bespeur in al hierdie besware van die Britse regering teen die ontneming van handels- en eiendomsvryheid en diskriminasie teen die Indiër, maar ten opsigte van ander dinge, bv. wat die uitreiking van dranklisensies betref, wat op Indiërs en naturelle ewe streng toegepas is, het Brittanje geen beswaar gemaak nie.[80]

Van Natal, as 'n Engelse kolonie, het die inisiatief gekom om die Suid-Afrikaanse probleem van vreemdeling-toestroming op 'n breër basis te bespreek. Die Asiaat word nie spesifiek genoem nie, anders sou die Britse regering nie so 'n konferensie toelaat nie. Hierdie voorstelle het ook op niks uitgeloop nie. Die Kaapkolonie het as medelede vir die voorgenome konferensie die Britse en Portugese regerings, die twee Boere-Republieke, Natal en die Kaapkolonie voorgestel. President Steyn van die Vrystaat het beswaar teen die Britse teenwoordigheid gemaak en eis dan ook verteenwoordiging van Duits-Suid-Wes Afrika as mede-belanghebbende. Die Suid-Afrikanse Republiek was stil in hierdie tyd, toestemming sou eers van die Britse regering kragtens die Londense Konvensie verkry moes word voordat die Republiek met ander state kon konfereer. Ook die Kaapkolonie moes met die Britse regering rekening hou.[81] Pogings om die Indiërprobleem op 'n uniforme basis te bekamp, het indirek dus ook as gevolg van Britse teenwoordigheid in Suid-Afrika, misluk.

In 1898 was toestemming weer geweier aan 'n Indiër om 'n handelsaak in Kerkstraat, Pretoria, op te rig. Die Hooggeregshof het die Republiek weer eens gelyk gegee. Na hierdie saak het die regering weer eens Indiërs wat nog in stryd met die wet in dorpe gewoon en handel gedryf het, kennis gegee om te verhuis na lokasies vir die doel aangewys. Dit moes geskied voor of op 1 Januarie 1899 hoewel, in geval van groot ondernemings die termyn met drie tot ses maande verleng kan word. Die Indiërs het nie hul opdragte uitgevoer nie en dit blyk dat die regering ook in hierdie pogings nie streng opgetree het nie.[82]

Die spanning wat tot die uitbreek van die oorlog aanleiding gegee het, was toe reeds aan die oploop en die regering het ook met 'n legio ander probleme te kampe gehad.

In 1899 het Lord Lansdowne, in Sheffield, in 'n toespraak o.a. gesê: „Among the many misdeeds of the South African Republic I do not know that any fills me with more indignation than its treatment of these Indians. And the harm is not confined to the sufferers on the spot; for

79. *Groenboek* Nr. 2, 1894: p. 89.
80. Fouché, J. H.: a.w., p. 49.
81. Fouché, J. H.: a.w., p. 105.
82. Van der Walt, Wiid en Geyer: a.w., p. 554.

what do you imagine would be the effect produced in India when these poor people return to their country to report to their friends that the Government of the Empress, so mighty and irresistible in India with its population of 300 million, is powerless to secure redress at the hands of a small South African State?" Hy verklaar ook dat dit een van die kumulatiewe oorsake van die oorlog was.[83] Landsdowne se toespraak getuig m.i. van gebrek aan insig:

(1) Die Indiër in die Republiek was beduidend beter daaraan toe as die in Indië wat van ellende krepeer het. Sir Shafa at Ahmad Khan, Hoëkommissaris van Indië in Suid-Afrika, het self gesê, hoewel veel later, dat die Indiër dit hier veel beter het as in Indië.[84]

(2) Dat daar in werklikheid geen wandade verbonde was aan die behandeling van die Indiërs nie; die wetgewing was gegrond op oorwegings wat enige staat wat 'n sin vir selfbehoud het, sou neem. Brittanje het ook in Indië, soos reeds gemeld, dit nodig geag om maatreëls vir gesondheidsdoeleindes te tref.

(3) Lord Lansdowne was waarskynlik doof vir die toenemende geruis van Indiese nasionalisme wat toe al hoorbaar was toe hy van die „. . . Empress so mighty and irresistible in India . . ." gepraat het.

Met die uitbreek van die orlog in 1899 het die Indiërs Transvaal in groot getalle verlaat, maar na die vrede het hulle weer teruggekeer en hul sake hervat. Nou, volgens verwagting, sou die Utopiese staat bereik wees onder die Britse beskerming wat in die verlede so naarstiglik gesoek was, maar hier was ook ontnugtering. 'n Indiër het voor die Koloniale Sekretaris verklaar dat hulle van die Britse regering die versekering ontvang het dat een van die grootste oorsake van die Anglo-Boere-oorlog was om Brits-Asiate te bevry van die behandeling wat hulle van die Republiek gekry het. Nou, so verklaar hy, kry hulle onder Britse régime swakker behandeling as in die dae van die President.[85] Die Engelse gesagvoerder in Transvaal van na die oorlog sou waarskynlik nog strenger maatreëls as die Republiek teen die Indiërs geneem het, as dit nie was vir die liberale elemente tuis nie. In Engeland was in die 19de eeu en aan die begin van die 20ste eeu veel van die sogenaamde liberalisme met betrekking tot die kleurprobleme nie gegrond op oorwegings wat getuig van eerstehandse kennis van die situasie nie, maar as gevolg van gebrek aan kennis en ondervinding asook die heersende ekonomiese en parlementêre individualisme.[86]

Die blanke suikerkwekers in Natal het uit ekonomiese oorwegings, met die steun van die Britse en Indiese regerings, en teen die wense van die gevestigde blanke inwoners, die Indiër as arbeider ingevoer. En teen die uitgesproke wens van die burgers van Transvaal en ten spyte van Wet 3 van 1885 het hulle tog die Transvaal binnegedring. As 'n aparte

83. Neame, L. E.: *The Asiatic Danger in the Colonies*, p. 59.
84. Wetherell, V.: *The Indian Question in South Africa*, p. 2.
85. Neame, L. E.: a.w., p. 113.
86. Wetherell, V.: a.w., p. 10.

kulturele, godsdienstige en rassegroep en as ekonomiese mededingers het hulle dus hierdie probleem in die Republiek geskep. Die ongevraagde Britse inmenging in die sake van die Republiek, soos ook van die hele Suid-Afrika, is nie slegs die belangrikste oorsaak wat tot die totstandkoming van die Indiërvraagstuk gelei het nie, maar was ook die vernaamste faktor waaraan die mislukking van alle pogings om die probleme van aanvang af die hoof te bied, toegeskryf moet word. Soos dr. Geyer dit gestel het, is die Indiërkwessie nie net 'n probleem van Suid-Afrika nie. Van Eritrea tot die Kaap is dit 'n probleem „. . . mainly in those countries which were or are subject to Great Britain — and this thanks to the fact that at one time there existed a British Indian Empire."[87] Die Britse houding het dan ook die Indiërs aangemoedig om enige poging tot beperking op hul vryheid en optrede te weerstaan en om dit as 'n fundamentele klousule van die Imperiale beleid te beskou dat hulle as Britse onderdane vry behoort te wees om Transvaal binne te gaan en daar te woon.[88]

Die wette deur die Republiek gemaak wat die Indiërs uitsluit van politieke en siviele regte en hulle verhoed om vaste eiendom te besit, was „. . . these rules had been more honoured in the breach than in the observance."[89]

Die ontstaan van die Indiërvraagstuk in Transvaal kan nie net as die skuld van die Republiek beskou word nie, maar moet voor die deur van die Britse regering gelê word, wat volgehou het dat Transvaal met betrekking tot die Indiërs, geen selfbeskikkende staat was nie. Die Britse regering het dus vir homself die reg voorbehou om uit imperiale oorwegings in te meng in die interne aangeleenthede van die Republiek.

Mej. N. M. de Kock.

87. *Die Asiaat in Afrika*, p. 3.
88. Duncan, P.: a.w., p. 160.
89. Walker, E. A.: *A History of Southern Africa*, p. 323.